

# ST. PIUS V

30 APRIL

(1504-1572)



Hy word beskou as een van die groot hervormers van die Kerk. Op 14-jarige ouderdom ontvang hy reeds die Dominikaanse py en nadat hy priester gewy is, doseer hy filosofie en teologie totdat hy biskop word en in 1565 tot pous verkies is. Onder die gewone volk is hy vroeg reeds as heilige vereer en hy het nie geskroom om hoë kerkmanne en prinse aan te vat in sy pogings om van die Kerk 'n ware beeld van Christus se Liggaam te maak nie. Wêreldsheid en die misbruik van kerklike ampte om loopbane te bevorder en welvaart na te jaag, was die groot hindernisse wat hom moes oorkom. Hy dring daarop aan dat biskoppe in hul bisdomme moes woon. Hy was een van die groot dryfkragte van die Katolieke Hervorming en hy publiseer onder andere 'n nuwe brevier en altaarmissaal, asook die kategismus van die Konsilie van Trente. Hy slaag daarin om die Katolieke vorste te verenig en so die oprukkende Turkse vloot by Lepanto te verslaan. En dit alles doen hy in die kort ses jaar wat hy pous was.